Skoolreëls
Babas en Peuters

Gerda Maree 084 689 1482
info@tjokkerland.co.za
Kleinstraat 6, Paarl, 7646

Beste ouers

Baie welkom by Tjokkerland! Ons is altyd baie opgewonde oor nuwe maats by die skool en ons is seker julle gaan baie gelukkig wees hier by ons. Ons sien uit daarna om 'n belangrike deel van julle lewens te wees. Om dinge vir ons almal te vergemaklik, wil ons net die volgende algemene reëls onder u aandag bring.

Finansies

U is vir die volle 12 maande van die jaar verantwoordelik vir u baba / peuter se skoolfooie. Fooie is vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand.

Skoolfooie kan kontant, of EFT in die skool se rekening inbetaal word.
Bankbesonderhede vir **inbetalings**:

Rekeninghouer:	**Tjokkerland Speelskool (Pty) Ltd.**
Bank:	**FNB**
Rek.no:	**628 703 874 72**

Ons vra asseblief dat u alle kontant direk aan die bestuurderes sal betaal, dit is nie die klasonderwyseres se taak om gelde in te samel nie. Dit vergemaklik die hele proses en vermy enige misverstande. Dankie vir u samewerking!

Skoolfooie vir Januarie – Desember 2022

REKENINGE IS STRENG VOORUITBETAALBAAR

Registrasiefooi – R200

Voldag vir 1 kleuter – R2 400 x 12 Maande
Halfdag vir 1 kleuter – R2 000 x 12 Maande

Voldag vir meer as een kleuter – R2 400 vir die eerste kind, daarna R2 100 per kleuter x12
Halfdag vir meer as een kleuter – R2 000 vir die eerste kind, daarna R1 800 per kleuter x12

Dagsorg: R150-00 @ dag.

Agv van hoë koste van instandhouding is ons genoodsaak om 'n jaarlikse huur vir matrasse en toerusting te hef. Die bedrag beloop **R150** per kind of **R200** per gesin indien 2 of meer kinders in die gesin per jaar. Hierdie bedrag kan in 3 paaiemente afbetaal word. *Dit sal by u Januarie staat ingereken word*.

Indien u enige probleme het met die betaling van u skoolfooie, kom gesels gerus.

Elke Vrydag word u kleuter se boodskapboek huis toe gestuur met belangrike boodskappe en die week se werkies. Teken dit en stuur Maandagoggend terug. Alle kwitansies en state sal d.m.v. die boodskapboek aan u gestuur word.

Kennismaand

Indien u kleuter(s) die Kleuterskool gaan verlaat, is een kalendermaand se skriftelike kennis 'n vereiste.

Tye

Voldag: 06:45 in die oggend tot 17:30 in die aand.
Halfdag: 06:45 in die oggend tot 12:00 in die middag.

Onthou ook dat daar boetes gegee word vir ouers wat hul kleuters na 17:30 kom haal, sonder om vooraf met die personeel te reël. R20 vir elke 5 minute laat! Hierdie boete is nie later as die volgende dag betaalbaar nie.

Wat moet ek elke dag inpak:

1. Minstens twee ekstra stelle skoon klere is noodsaaklik.
2. 3 borslappe
3. 'n Sagte haarborsel
4. 'n Waslappie vir die gesig, sowel as 'n lappie of wet-wipes vir die boudjies.
5. 6 weggooidoeke, sowel as enige salf of poeier wat ons op die boudjies moet gebruik.
6. Totdat u baba oud genoeg is om etes saam met die res van die skool te geniet, moet u al u baba se kos en bottels self saamstuur. Stuur asb 'n ekstra bottel vir koeldrank, water of tee saam. Wanneer baba oud genoeg is kan u ook 'n versnapering inpak.
7. Kombers
8. Indien u wil, kan u baba ook 'n speelding van sy eie saambring.

Onthou asb om al u baba se besittings duidelik te merk!!

Sakke

Sakke moet groot genoeg wees sodat al u kind se besittings met gemak daarin sal pas.

Tjokker-hemde

Tjokkerland hempies is ook te koop in die kantoor. Hierdie hempies word Maandae aangetrek. (Op kleuters van toepassing)

Siektes / Medisyne

1. Moet asseblief nie u kleuter skool toe stuur met enige aansteeklike siektes nie.
2. **Laat weet indien u kind nie skool toe kom nie.**

Algemeen

Baie dankie vir al die hulp en ondersteuning wat ons van al ons ouers ontvang, dit word opreg waardeer! Indien u nog enige vrae het, kontak ons asseblief so gou as moontlik.

Groetnis
Tjokkerland Personeel